

2 September Kolossense 3:12-4:1 (Teks: 3:23)

Doen alles van harte, soos vir die Here

Daar het baie veranderings in ons werkswêreld gekom. Ons het almal op die een of ander manier te doen met regstellende aksies, uitdiansstellings, onderdrukking en verontregting in die werkplek. Ons hoor daaglik van stakings en ander optrede deur werkers. Ons mense werk onder hoë spanning en weet nie meer hoe om in die situasie op te tree nie. Onder dié omstandighede is dit noodsaaklik om weer 'n keer te luister na wat die Here sê.

Die Bybel leer ons dat ons alles van harte moet doen, soos vir die Here, omdat ons weet dat Hy ons sal beloon.

Ons moet met 'n opregte hart werk, met geesdrif en vreugde, uit eerbied vir die Here. Ons motief moet liefde en dankbaarheid wees. Ons moet nie met bybedoelings (soos om deur die mense gesien te word) werk nie.

Ons moet dit wat ons doen, doen "soos vir die Here." Dit beteken: As jy kos gee, gee dit asof dit Jesus is vir wie jy dit gee. As jy 'n motor herstel, maak asof dit Jesus se motor is; as jy jou skoolwerk doen, doen dit asof Jesus dit gaan nasien (Lees Matt 25:34-40).

Onthou: Jou eintlike beloning kom van die Here af.

Sing: Psalm 128:1,3

Ds. C.G. van der Merwe (Vereeniging '95)